# WÊRELDGEBEURE.

## BUITELAND.

Sedert ons vorige oorsig het die patroon van wêreldgebeurtenisse nie wesenlik verander nie. Die algemene spanning het nie verminder nie. Inteendeel—op verskillende maniere het Stalin en sy adjudante daarin geslaag om die chaos te vergroot.

Hoewel die V.V.O.-magte vir die soveelste keer daarin geslaag het om die Kommuniste oor die 38e breedtegraad terug te stoot, is die weerstand nie finaal verbreek nie. Die vernaamste probleem is die antwoord op die vraag of daar meer drasties teenoor China opgetree moet word. Nog altyd deins die Amerikaanse leiers terug vir die konsekwensies wat hieruit mag voortvloei. Gevolglik sal hierdie vervelende en tragiese geskiedenis nog wel 'n tydlank voortduur, tensy die Russiese staakvuurplan resultate afwerp.

Hoewel Stalin op militêre gebied nog geen suksesse kan boekstaaf nie, kan sy beleid soveel beteken dat hy die stryd op die ekonomiese front wen. Dit sal dan ook waarskynlik sy doel wees om 'n werklike oorlog so lank moontlik te vertraag. Die huidige toestand van spanning beteken vir hom geweldig baie. Die Westerse moondhede is verplig om miljoene aan bewapening te spandeer. Dit beteken dat baie noodsaaklike goedere aan die gewone sirkulasie onttrek word, wat op sy beurt weer inflasie meebring. Hierdie proses werk die Kommunisme reëlreg in die hand. Daar moet rewolusies uitbreek as die massa's nie hul begrotings nie kan laat klop nie en die Kommunisme floreer juis waar chaos heers. Niemand het blykbaar 'n oplossing vir hierdie netelige vraagstuk nie. Dr. Holloway, wat 'n voortreflike ekonoom is, sien heil alleen in terugkeer tot

die goudstandaard. Ander deskundiges verskil egter. 'n Leek soos die skrywer hiervan kan hom vanselfsprekend hieroor nie 'n gesaghebbende mening aanmatig nie.

Die vraagstuk van die nasionalisasie van die Persiese olie-industrie is nog steeds 'n ernstige gevaarpunt vir wêreldvrede. Terwyl ons skrywe is die toestand uiters kritiek. Kenmerkend van die veranderde wêreldomstandighede is die feit dat die Britse leeu maar net kan grom, omdat sy naels en tande vir die grootste gedeelte uitgetrek is.

Die samesprekinge tussen statebondslande oor verdedigingsaangeleenthede van die Midde-Ooste kan van groot betekenis wees. Dit is opmerklik dat Indië, Pakistan en Ceylon nie hieraan deelneem nie. Die Konferensie sal self uitmaak of van die besluite aan hierdie lande meegedeel moet word. Dit skep 'n heel eienaardige situasie en laat 'n mens opnuut besef dat genoemde lande eintlik tog maar tot die Oosterse blok behoort.

As 'n mens seker was dat Afrikaanse bloed nie maar net weer sal vloei om die belange van die Britse „empire" te beskerm nie, kon hierdie samesprekinge onvoorwaardelik verwelkom word. Veel liewer sou ons egter gesien het dat die ehle Weste 'n gesamentlike strategie bespreek. Onder omstandighede kan ons onsself gelukkig ag dat 'n man as adv. Erasmus aan die besprekinge deelneem.

So bly 'n angsbevange wêreld maar wag op die groot dinge wat moet gebeur. Een ligpunt is die verliese wat die Kommuniste met die verkiesinge in Italië en Frankryk gely het. 'n Mens is vir elke ligpunt dankbaar as die afgryslikheid van 'n komende oorlog in gedagte gehou word. Aangrypend was die beskrywing wat 'n waarnemer van die jongste atoomontploffinge in die Stille Oseaan gegee het. „Dit was vir my" —so het hy verklaar, „of die poorte van die hel oopgegaan en ek in die ewigheid ingesien het." Volgens die profetiese Woord moet ons vreeslike dinge verwag.

**SUID-AFRIKA.**

Noudat die wet op Kleurlingstemreg deur die Goewerneur-generaal geteken is, kan 'n belangrike fase in die geskiedenis van S.A. as afgesluit beskou word. Na alle waarskynlikheid kan nou hofsake van die kant van die Opposisie verwag word. Die beslissing sal nog afgewag moet word, maar intussen sal die voorbereidende werk in verband met die afbakening van kiesafdelings ens. voortgaan.

Dit was opvallend dat die poginge van die Opposisie om 'n groot protesbeweging op tou te sit, baie min sukses behaal het. Die vernaamste resultaat was die onluste in Kaapstad en hiermee sal dit waarskynlik ook uit wees. 'n Mens kan die Opposisie maar net vra hoeveel belang

hulle in die Kleurlinge gestel het gedurende al die jare wat hulle op die algemene kieserslyste was. Daarmee word die skynheiligheid van die krete: „Red die grondwet," „red die demokrasie" ens., ontmasker.

Eerlikheidshalwe moet hier erken word dat ook van regeringskant uitsprake gehoor is wat gevaarlike konsekwensies inhou. Ons het naamlik gehoor dat nie die grondwet soewerein is nie, maar die parlement, ja eintlik die volkswil. Dit is maar die ou kreet van volksoewereiniteit. Na ons oortuiging moet hierdie standpunt alle vastigheid in die volkslewe ondermyn. Die volkswil is naamlik baie wisselvallig. De facto beslis die volkswil wel van tyd tot tyd tot oor die **samestelling** en **beleid** van die regering, maar die vraag is: wat is **regtens** die posisie. Finaliter gaan dit om die vraag na die hoogste reg, die reg van God. Hieraan moet die grondwet, die parlement en die volkswil getoets word. In verband met die Kleurlingstemreg kom die hele vraagstuk dus hierop neer: Word teenoor die Kleurlinge en teenoor ons eie nageslag gehandel in ooreenstemming met die beginsels van geregtigheid, met die reg van God, soos geopenbaar in die geskiedenis en finaliter in die Woord van God? Die grondwet van die land moet per slot van rekening ook maar op hierdie Grondwet berus.

Onlangs het die pers publisiteit verleen aan die afskeidspreek van dr. D. F. Malan toe hy tot die politiek toegetree het. Dit is forse, Skriftuurlike taal. Die teks was: 1 Kor. 10: 31: „Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." Ons haal enkele sinsnedes uit die preek aan: „Die hoofsaak is nie wat gedoen word nie, maar dat dit tot eer van God gedoen word . . . . Eerstens moet nie net die kerklike lewe nie, maar ook die politieke lewe aan die heerskappy van God onderwerp word; tweedens dat daar besondere omstandighede is wat 'n mens kan roep om God ook buite die kerklike lewe te dien; en die derde is dit wat altyd in die oog gehou moet word en wat tans juis in die diepste grond van die saak by ons op die spel is, die eer van God in ons nasionale lewe."

Voorwaar treffende woorde! Hoe jammer dat ons hierdie taal so weinig in ons politieke lewe hoor! Hang dit miskien saam met die gedagte dat dergelike woorde wel op die preekstoel tuishoort maar nie op die politieke verhoog nie? As dit orals en altyd die leuse is, sal ons politieke lewe op 'n hoër peil kom

Na 'n tydperk van byna volslae stilswye aan regeringskant het die republikeinse ideaal plotseling weer op die voorgrond gekom tydens en na die viering van die 77e verjaarsdag van die eerste minister. 'n Mens kan moeilik begryp waarom hierdie belangrike saak so sporadies na vore moet kom. Hoe sal ons jong geslag deur hierdie ideaal besiel

word, hoe sal ons andersdenkendes oortuig as ons daaroor swyg in alle tale? Dit word tyd dat die Republikeinse ideaal op een of ander wyse **doeltreffend** gepropageer word as die dagbladpers daarvoor geen ruimte kan afstaan nie.

Ons kan maar nie begryp waarom daar met so'n uiterste behoedsaamheid oor hierdie saak gepraat word en dat daar gedurig verduidelikings moet kom nie. Ons weet dat die Nasionale Party beloof het om gedurende die leeftyd van hierdie Parlement geen strydvraag van die Republikeinse kwessie te maak nie. As die teenstanders dit nou eenmaal weet, sluit dit tog nie uit dat ons reguit oor ons ideaal mag praat nie.

Die jongste optrede van Brittanje toon ons opnuut weer hoe noodsaaklik besinning is. Ons bedoel die planne om die twee Rhodesië's en Niassaland te federeer. Die gedagte is o.m. om Suid-Rhodesië voor die neus van die Unie weg te neem en nader saamwerking tussen hierdie twee state te verhinder. Nie onduidelik nie word uitgespreek dat die Sentraal-Afrikaanse state beskerm moet word teen die voortdringende Boerekultuur. Tereg het „Die Vaderland" daarop gewys dat hiermee „Suid-Rhodesië vir die honde gegooi word." Vir die blankes in Midde-Afrika is daar geen toekoms as die Britse beleid moet seëvier nie. Dit weet die blankes in S. Rhodesië in elk geval en daar is aanduidinge dat hulle simpatieë by die Afrikaanse beleid lê.

Die Boer met sy wa was die nagverdrywer van Afrika en het nog 'n uiters belangrike roeping om te vervul.

Hoe jammer dat juis in hierdie tyd van so'n sware verantwoordelikheid daar geklaag moet word oor verliese van die Afrikaner op handelsgebied. Ons dink aan die ernstige woorde van die minister van finansies ten opsigte van die pligte van direksies van maatskappye. Dit skyn of hierdie verantwoordelikheid nie altyd besef word nie, met die gevolg dat duisende ponde van Afrikaners verlore gaan en die vertroue in ons handelsonderneminge geskok word. As dit weer vir ons gaan om die eer van God en nie om vuil gewin nie, ook op handelsgebied, sal dit met ons land en met ons nasie wel wees.

Die aankondiging van dr. Malan en min. Havenga dat hul onderskeie partye binnekort een sal word onder die ou naam „Nasionale Party" moet van harte verwelkom word, aangesien dit 'n einde maak aan 'n periode van Afrikanerverdeeldheid wat dateer sedert 1933. As ons almal in die toekoms vashou aan ons Christelik-Calvinistiese en historiese beginsels, kan 'n skeuring nie weer plaasvind nie.

S. d. T.